30/07/2018 – Week 1.

My dierbare broer / suster in Christus.

Hartlik welkom by week 1 van ons gebedsreis saam. Die doel van hierdie weeklikse brief is eenvoudig – om jou in te lig en te bemoedig soos ons ons gebedsreis saam begin en voortsit.

Ons sien die gebedsreis eerstens as 'n leerervaring, soos ons saam die Here se Woord bestudeer. Nog meer belangrik, egter, is dat ons saam, as Christene landwyd, week vir week by die Here pleit vir uitkomste uit 'n kritiese nasionale situasie, en genade vir ons pragtige land.

Vir hierdie week.
Probeer jouself vertroud maak met die website en sy verkillende aspekte. Vergewe asb. die "glitches" en tekortkominge in ons site – ons maak reg soos ons aangaan, en beplan om gereeld op te dateer en nuwe material voortdurend by te voeg. Lees ook asb. die inleiding sodat jy beter verstaan waaroor die Tipping point gebed inisiatief gaan, en onderneem in jou hart, (as die Here so lei) om saam met ons die Here in gebed aan te roep. Dit sal vir ons n voorreg wees as jy saam kan reis!

Ons vra ook dat jy die weeklikse onderwerpe vir gebed nagaan, en begin bid vir die onderwerpe soos die Here vir jou prioriteite of dringende sake uitwys. Onthou om indien moontlik daagliks vir die hofsaak van 21 Augustus te bly intree. (Sien onderwerpe vir gebed)

Tot volgende week.

Moreletapark Gemeente gebed span.